

**PROF MANDLA MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELIER**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**REDE BY DIE LANGDIENSPLEGTIGHEID**

**ZK MATTHEWS-SAAL**

**25 NOVEMBER 2019**

Ek bedank die programleier, dr Nic van Staden, Bestuurder: Administrasie en Vergoeding, Mensehulpbronne, en ons eie aftredekenner

- Dr P Mokgobu – viserektor: Institusionele Ontwikkeling
- Mnr Z Dlamini – uitvoerende direkteur: Mensehulpbronne
- en ander lede van die senior bestuur asook die res van die bestuur wat hier teenwoordig is
- geagte kollegas
- en vanoggend se eregaste, die ontvangers van langdienstoekenings

Ek heet u almal graag hartlik welkom.

Die Universiteit van Suid-Afrika is 'n interessante plek om by te werk. Soos baie van u, werk ek ook al lank vir Unisa. Om die waarheid te sê, ek self het 'n paar jaar gelede ook 'n langdienstoekenning ontvang. Ek

het al in die akademie en in administrasieondersteuning vir die Universiteit gewerk. Daarom kan ek met sekerheid sê dat ek 'n goeie kennis van die Universiteit het en van die mense wat hier werk.

Ek het sosiologie gestudeer en daarom fassineer *mense* my. Net as mens dink dat jy die institusionele dinamika verstaan, net as mens dink dat jy jou personeel ken en weet wat hulle vermoëns is, gebeur iets onverwags. 'n Swygsame akademikus ontpop skielik in 'n voortreflike navorser. 'n Administratiewe klerk oefen gesag uit en lê fenomenale leierskap aan die dag. Die hartroerende dankiesê-e-pos wat 'n kollega of student stuur, bevestig opnuut 'n mens se geloof in mense en herinner jou dat die kleinste gebaar nie ongemerk verbygaan nie.

Ek noem dit omdat Unisa in vele opsigte soos 'n familie is. Om die waarheid te sê, Unisa *is* eintlik 'n familie. Ons noem onself immers "*Unisans*" in Engels. Die metaforiese "verwantskap" wat ons saambind, en wat niemand kan ontken nie, is ons diens, ons lojaliteit jeens en ons verbintenis tot mekaar en hierdie universiteit.

In dieselfde wil moet ek u herinner aan die aforisme wat lui dat *mens jou vriende kan kies, maar nie jou familie nie*. Ons kan ook nie kies wie lid van die Unisa-familie moet wees nie. 'n Mens word dus in

hierdie groot familie aangestel, en daarmee kry jy 'n klomp nuwe familielede by. Op die een of ander manier moet 'n mens leer om met kollegas in jou afdeling en ander departemente van die universiteit oor die weg te kom. Ons maak mettertyd op mekaar staat en begin mekaar vertrou; ons raak lojaal teenoor mekaar en teenoor die Universiteit. Unisa moet eintlik soos 'n mens se tweede huis wees, 'n plek waar jy veilig en geborge voel. Ons almal weet dit is glad nie maklik nie. Ek is seker dat daar tye was toe jy gedink het dat jou kollegas en selfs die Universiteit jou gruwelik in die steek gelaat het.

In enige familie is daar mos maar of 'n deugniet van 'n oom, of 'n tante wat op elke familiebyeenkoms kwaad steek, of 'n broer wat alewig by almal geld wil leen, of 'n suster wat altyd melodramaties te kere gaan, of ouers wat óf te streng óf te goedhartig is. Daar is soms ook 'n familielid wat groot hoogtes bereik het, en op wie almal baie trots is. Of 'n gestorwe familielid aan wie se wysheid en liefdevolheid almal met vertedering terugdink. Almal van ons het gunsteling vir wie ons enigiets sal doen sonder om iets in ruil te verwag. Desondanks is ons steeds lief vir ons families en mis ons geen familiebyeenkoms nie. Daar is immers 'n onsigbare band wat ons saamsnoer. Ons besef dat hulle ons deur dik en dun sal bystaan.

Unisa se werknemers is ook so. Julle is my mense en ek is een van julle. Ons werk nou eenmaal saam en moet in goeie en slegte tye saamstaan. Die Vader weet, in u tyd by Unisa was daar sekerlik goeie en slegte tye. Ek twyfel nie daaraan dat die goeie tye swaarder as die slegte tye by u weeg nie.

Vandag sal ek sertifikate vir 'n dienstyd van tien tot 45 jaar aan u oorhandig. Dit, kollegas, beteken dat u die soort familieledede is almal wil hê. Julle is die soort mense wat stil-stil hulle werk en plig doen, en sodoende studente en hulle kollegas dien. In Matteus 12:25 (1982-vertaling) staan daar: "...Elke koninkryk wat onderling verdeeld is, gaan te gronde, en geen stad of huis wat onderling verdeeld is, sal bly staan nie." Julle, geagte kollegas wat vandag hier teenwoordig is, is die lym wat die Unisa-familie bymekaar hou. Dit is, glo ek, omdat julle weet watter belangrike rol hierdie universiteit in ons land en op die res van die vasteland speel.

Unisa maak nie alleen 'n blink toekoms moontlik nie, Unisa bied ook geleenthede en gee hoop. Unisa het hom nog altyd vir 'n vooruitstrewende samelewing beywer en beywer hom nog steeds daarvoor. Hierop, kollegas, is ons geweldig trots. Unisa is ewe trots op sy werknemers want hulle besef hoe belangrik dit is om hulle

verantwoordelikhede na te kom. Hulle kwyt hulle met onderskeiding van hulle taak.

Die gesigte hier voor my is dié van die mense wat ek so pas beskryf het. Elkeen van u, ongeag die rol wat u by Unisa speel of die verantwoordelikhede van u pos, het Unisa gemaak wat dit vandag is. Belangriker nog, elkeen van u het in u dienstyd 'n wesenlike bydrae tot die lewe van elke Unisa-gegraduateerde gelewer. Min ander betrekkinge het so 'n bevredigende uitkoms.

Maar, soos u weet, dit is 'n wederkerige verhouding. Om 'n werknemers van Unisa te wees, hou talle voordele in. Unisa is 'n goeie werkgewer, ongeag die werkgewer waarmee 'n mens Unisa vergelyk. Wat ek en u vandag aan besittings het, en die soort mense wat ons vandag is, het ons aan Unisa te danke. Hiervoor is ons innig dankbaar. Met die inkomste wat ons verdien, kan ons 'n huis en voertuig bekostig, en ons kinders 'n goeie opvoeding gee. Op 'n persoonlike vlak word ons aangemoedig om in ons loopbane vooruitgang te maak. Ons word aangespoor om navorsing en ontwikkeling te doen, iets wat talle ander instellings ons beny. Unisa was en is steeds goed vir ons.

Ongetwyfeld het u waardering daarvoor en is u trots om 'n werknemer van Unisa te wees. 'n Langdienssertifikaat getuig dat u 'n lojale en toegewyde werknemer is. Vandag huldig ons u en die bydrae wat u tot ons universiteit, ons studente en ons land gelewer het.

Kollegas, Unisa het sy hoë ouderdom en sukses aan u en u voorgangers se inspanning te danke. Hierdie instelling waardeer die diens wat u gelewer het aan ons voormalige en huidige studente, aan Suid-Afrika, ons vasteland en die res van die wêreld. Namens die Raad en bestuur van Unisa versoek ek u om ons opregte dank en waardering vir u bydrae oor die jare aan te neem.

Welgedaan, kollegas!